higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ARGITEKTONIESE GRAFIKA EN TEGNOLOGIE

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 2

(12050622)

9 Februarie 2020 (Y-vraestel)
13:00–17:00

BENODIGDHEDE: **A3-tekenvel**
A4-tekenvelle

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

300Q1S2009

Kopiereg voorbehou

TYD: 4 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Voltooi alle tekenwerk, kandidaatinligting ingesluit, in potlood.

5. Beskou baksteengroottes as 220 × 110 × 75 mm.

6. Alle tekenwerk moet aan die relevante, aanbevole SANS (SABS)-kodes voldoen.

7. Alle afkortings en simbole moet aan die nuutste Nasionale Bouregulasies en alle relevante SANS (SABS)-kodes voldoen.

8. 'n Gebalanseerde uitleg is belangrik en kandidate sal vir swak beplanning gepenaliseer word.

9. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: MURE EN FONDAMENTE

Teken, op skaal 1:5, op 'n A3-TEKENVEL, 'n deursneeaansig van 'n 240 mm-holmuur op 'n strookfondament.

Toon die volgende duidelik:

- Betonstrookfondament: 650 mm × 200 mm
- Blokke wat gebruik word: betonblokkholmuur: 90 mm wyd × 190 mm hoog × 290 mm lank
- 240 mm-holmuur met 'n holte van 50 mm met vulbeton ondergronds
- 40 mm-gidspleister
- 100 mm-betonblad
- 150 mm-gekompakteerde harde puin
- Afgewerkte vloervlak: 185 mm bokant natuurlike grondvlak
- Hoogte vanaf top van betonfondament tot NGV: 605 mm
- Syfergate en voglaag
- Voglaagvloermembraan
- Alle gegewe aantekeninge
- 'n Geskikte titel en skaal onder die deursneeaansig **[20]**

VRAAG 2: BAKSTEENWERK

'n Siersteenmuur moet met pleisterstene ('stock clay brick') van 220 mm × 110 mm × 75 mm gebou word.

Teken, volgens skaal 1:10, op 'n A4-TEKENVEL, die alternatiewe isometriese planlae van elk van die volgende:

2.1 Die planaansigte van 'n hoeklas van 'n eensteensmuur in strykverband (15)

2.2 Die planaansigte van 'n T-las van 'n eensteensmuur in strykverband (15)

2.3 Die planaansigte van 'n hoeklas van 'n eensteensholmuur in strykverband (15)
[45]

VRAAG 3: LATEIE EN BOË

3.1 Teken, volgens skaal 1:10, op 'n A4-TEKENVEL, die voor- en deursnee-aansigte van 'n gewapendebetonlatei, met die staal in posisie, wat oor die opening van 'n betonblokmuur gebou is. Die afmetings van die betonblokke is 290 mm × 190 mm × 190 mm. Die spanwydte van die opening is 1 450 mm. Voeg die afmetings van die spanwydte in. (15)

3.2 Teken, volgens skaal 1:10, op 'n A4-TEKENVEL, die vooraansig van 'n geometriese halfronde boog wat van gekapte stene gebou is. Die boog het 'n spanwydte van 1 312 mm en 'n pylhoogte van 412 mm.

Voeg die volgende etikette op die aansig in:

- Spanwydte
- Boogstuiter
- Sluitsteen
- Pylhoogte
- Buitewelwing
- Binnewelwing

(20)
[35]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou